



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Twee voëltjies en 'n wurmpie deur Anna Emm

Op 'n mooi dag kruip 'n wurmpie oor die grond. Dit was 'n lang dag, en hy kan nie wag om by sy huisie te kom nie. Hy dink aan hoe lekker hy vanaand gaan opkrul en slaap... Maar o aarde, omdat hy dink aan ander goed vergeet hy om versigtig te wees! Hy vergeet om rond te kyk vir gevaar, en hy sien nie die voëltjie wat skielik op hom afduik nie! Voor jy kan sê "wurmpie" pik die voëltjie die wurmpie in sy bekkie op, en vlieg met hom tot bo op 'n tak in die boom.

"Ag, aardetjie tog!" roep die wurmpie. "Wat gaan nou nog alles verkeerd gaan?"

Die wurmpie swaai heen en weer en hy pleit vir sy lewe: "Moenie my vreet nie, asseblief tog! Ná die lang dag wat ek gehad het, sal ek verseker nie lekker smaak nie."

Maar net toe kom daar nog 'n voëltjie op die tak sit. Hy is ook lus vir die wurmpie, en probeer hom sommer by die eerste voëltjie gryp! Die eerste voëltjie wil beslis nie sy kos sommer so laat gaan nie, en hy knyp net stywer met sy bekkie vas. Nou trek die een voëltjie aan die een kant van die wurmpie, en die ander voëltjie aan die ander kant.

"Ag, aardetjie tog!" roep die wurmpie. "Wat gaan nou nog alles verkeerd gaan?"

Die twee voëltjies trek die wurmpie heen en weer, en hy kan voel hoe sy lyfie al langer rek. Hy pleit vir sy lewe: "Moenie my vreet nie, asseblief tog! My dag was so lank en so aaklig, dat ek seker is ek proe glad nie lekker nie. Sê nou julle sluk my in en julle word sommer siek sô sleg is ek?"

Die voëltjies lyk nie of hulle luister nie. Hulle trek al harder aan die wurmpie. Nie een wil laat los nie. En net toe die wurmpie begin dink dis die einde... kry hy mos skielik 'n baie goeie plan.

"Weet jy?" roep hy vir die eerste voëltjie. "Net gister het ek gehoor hierdie ander voëltjie sê jy is die vetste voëltjie wat hy nog ooit gesien het!"

Die twee voëltjies hou op trek en loer na mekaar. Nou praat die wurmpie met die tweede voëltjie: "En weet jy wat? Net vanoggend het ek gehoor hierdie voëltjie sê jou stem is so lelik dat die blaartjies sommer van die bome af val wanneer jy begin sing!"

Doodstil sit die voëltjies nou. Hulle roer nie. Hulle gluur mekaar aan. En die volgende oomblik maak hulle althuis hulle bekkies oop en begin verskriklik kwetter en skree op mekaar. Daar val die wurmpie grond toe, maar nie een van die voëltjies sien dit nie. Hulle baklei nou vir 'n vale.


Die wurmpie land op die grond en skarrel sou gou as wat hy kan onder die grassies in. Sy hartjie bons. Hy dink nie aan ander goed nie. Hy maak net dat hy so gou hy kan by sy huisie kom. Hy was sô moeg dat hy daardie aand sommer baie vas geslaap het. Dit was 'n lang, lang dag...

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:e

Twee voëltjies en 'n wurmpie

illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za